JAARVERSLAG 2017/2018

Mev. Gerda Pienaar
President VVLU/FSWAU

"Dis die diep waters wat ons leer swem
Dis die opdraendes wat ons fiks maak
Dis die vasklou wat ons sterk maak
Dis ons geloof in die Almagtige wonderlike God
Wat die lewe die moeite werd maak!"

Lief en leed

Gedurende die afgelope jaar het baie van ons lede geliefdes aan die dood afgestaan. Ons opregte meegevoel aan elkeen van julle.

Algemene besonderhede:

Dag- en Uitvoerende Bestuur vanaf 7 September 2017.
Mev Gerda Pienaar – President
Mev Elsa Brits – 1ste Vise-President
Mev Marieta de Klerk – 2de Vise-President
Mev Sarie Knoetze –Naaldwerk- en beoordelaarsameroeper
Mev Estelle Potgieter – Addisionele lid
Mev Henti Scheepers
Mev Minette Steyn
Mev Marina Cockcroft
Mev Gerda Barnes
Mev Wilma Munnik

Mev Vanda Gagiano neem afskeid van mev Desiréé Wessels wat bedank as Uitvoerende Bestuurslid vir Area 4 en Mev Wilma Munnik word in haar plek gekies.
Mev Gerda Pienaar word verkies as President van VVLU en mev Gerda Barnes word in haar plek in Area 8 verkies.
Ons opregte dank en waardering aan mev Vanda Gagiano vir ses se diens en leiding aan VVLU. Dankie Mevrou dat u ons organisasie tot baie hoogtepunte gelei het. Ons waardeer u opoffering en liefde baie!

Paneelbeoordelaars

Mev Anne-marie Buonadonna
Mev Tienie Marais
Mev Alti Janse van Vuuren
Mev Das Wessels

Mev Sonia van Zyl
Mev Hannatjie Labuschagne
Mev Louisa Opperman

Mev Ina Jagga se aansoek tot die beoordelaarspaneel was suksesvol en ons verwelkom haar graag as lid van die paneel.
Baie dankie vir elke beoordelaarspaneellid vir harde werk gedurende die afgelope jaar. Dankie vir julle positiewe en leersame kommentaar, asook julle kennis wat julle met ons deel. Ons waardeer die liefde waarmee julle die artikels beoordeel. Baie dankie dat julle beoordeling steeds op 'n hoë standaard is.

Areas and Members

Number of Areas 2017	9
Number of Areas 2018	9
Number of members	907
Number of branches resolved	0
Number of branches merged	1
Number of FSWAU branches	50

Meetings and functions held

Branch meetings	400
Area meetings	27
Panel of judges meetings	2
Day Management meetings	4
Executive Committee meetings	4
Area Conferences	99
Seminars	3
FSWAU Congress	1
ACWW Conference	1
SAWAU meetings	2

The Executive Committee did a total of 119 branch visits in the performance of their duties.

Seminars:

Three seminars were presented in Bethlehem, Bloemfontein and Welkom by Mrs Das Wessels and Mrs Anne-Marie Buonadonna.
Our sincere thanks go to Mrs Wessels and Buonadonna for hard work and to the Executive members for organising these seminars.
A total of 176 members and guests attended the 3 seminars.

Konferensies:
Al nege areas het konferensies gehou en verskeie fasette van ons tema, "Dit is die klein dingetjies wat saak maak", is deur onderskeie sprekers aangespreek. Baie dankie aan elke area en gasvroutak wat die konferensies op 'n hoë standaard aangebied het.
'n Totaal van 668 lede en 219 gaste gaste het die 9 areakonferensies bygewoon.

Congress Sept 2017:
A total van 220 members attended the annual congress in Bloemfontein.

SAVLU
Twee SAVLU vergaderings is bygewoon te Benoni en by SAVLU kantoor in Pretoria.

ACWW:
The ACWW Conference which was held in Benoni in September 2017 was attended by the President and a member of the executive.
Most of the FSWAU branches took part in the "Women walk the World" project launched by ACWW.
All the branches participated in the "Pennies for Friendship" project.

Finansies:
Ons opregte dank en waardering aan Mnr Tertius Lötter van SLT Ouditeure vir die oudit wat uitgevoer is vir die finansiële jaar geëindig Februarie 2018.

VVLU Studiehulpbeurs:
Die Vrystaatse Studiehulpbeurs is geskenk aan Mej. Suzanne Lombard van Edenville. 'n Vorderingsbriefie is van haar af ontvang waarin sy meld dat sy 'n Golden Key toekenning ontvang het. Ons waardeer die terugvoer baie.

Beurse en skenkings gegee op takvlak:

Area 4: Zoutkop skenk ‘n boekprys vir beste leerder in Verbruikerstudie in Graad 11.
Area 6: Mielieblom gee kospakkies af by onkologie kliniek in St Helena hospital Welkom.
Beste redenaar 2017 ontvang ‘n kontantprys van R 200.
Broodsakkiebinders word ingesamel om ‘n rolstoel aan ‘n behoeftige persoon te skenk.
Schuttesdraai gee kospakkies by huis Ebenaeser in Viljoenskroon.
Area 11: Jacobsdal gee R 200 vir die plaaslike laerskool aan die leerder met hoogste punte in kuns en kultuur.
Area 9: Wepenertak gee sop, klere en skoene vir ‘n kleuterskool.
Baadjies vir bejaardes word uitgedeel.
Area 8: Takke dra by tot helpende hande, is betrokke by huis Maanblom se kinders en skenk ook honde- en kaskos aan DBV en CLAWS.
Area 3: Skenk R 1000 aan ‘n lid wat alles in ‘n brand verloor het.

Projekte deur areas/takke aangepak

Area 1: Skenk wol en tydskrifte aan ‘n aftree-oord.
Hondekussings en kos vir honde en katte word gemaak en geskenk.
Jaffels word geskenk aan kinders en personeel van twee Jeugsorgsentrums.
Bejaardes word onthaal en borslappe vir verswakte bejaardes word gegee.
Area 3: Gee etes vir behoeftiges, laai kospakkies af.
Area 4: Samel blikkieskos vir minderbevoorregtes in.
Hekel kniekombersies vir bejaardes, verskaf verversings vir veiligheidsdienste se personeel.
Verf die kindersaal se hospitaal in Senekal.
Area 8: Bak kolwyntjies vir bejaardes.
Deel boekmerke uit.
Skenk vrugte en groente aan St Francis Haven.
Skenk klere aan Sonskynprojek.
Skenk Vroetelkombersies aan Alzheimer pasiënte.
Area 10: Maak badkamersakkies en vul met toiletware vir plaaslike kinderhuis.
Area 11: Voorsien inrigtings en versorgingseenhede van nie- bederfbare produkte.
Gee kos en klere vir behoeftiges.
Skenk op gereelde basis groente, melk en ander benodigdhede aan ‘n crèche.

Fondsinsamelingsprojekte

Area 1: Bak jaffels, pannekoek en verkoop kos by veilings.
Area 2: Bied ‘n gemeenskapsete aan, maskerbal, doen Mrs Delivery, hou straatverkopings en verkoop kos by kersmark en vetveeveilings.
Area 3: Verkoop gevulde pannekoeke, doen spyseniering by troues en by boereverenigingvergaderings en veilings.
Bak pannekoek en maak jaffels. Verkoop boereworsrolle.
Hou ‘n koek en teestalletjie.
Area 4: Verkoop vetkoeke, skink by veeveilings en maak wegneemetes.
Area 6: Ruil items uit soos serpe ens. @ R 5 ‘n item.
Hou ‘n marktafel en samel kleingeld in tydens vergaderings.
Doen spyseniering vir Sandvetwaterskema se algemene vergadering in Augustusmaand.
Area 8: Doen looitjieverkope tydens vergaderings, verkoop resepte, vetkoeke en kerrie en rys.
Verkoop kos by vlooimarkte, hou ‘n marktafel maandeliks en het ook ‘n R 20 projek waar ‘n gelukkige persoon die helfte van ingesamelde bedrag wen.
Area 10: Ete vir boerevereeniging se kuddedag.
Hou ‘n witolifanttafel verkoping. Doen spyseniering vir ‘n troue.
Lede bring R 1500 se kruideniersware, waarvoor looitjies verkoop word.
Area 11: Verkoop koeksisters, pannekoek, kerrie en rys en hertzoggies.
Doen spyseniering vir Brain Gain oggend.
Hou markdag en verkoop kos.
Verkoop looitjies vir konfeksie-oond.
Raffle, vest verkope, verkoop koekies en plantjies, ook gebriede speelgoed en servette.
Hou ‘n vrouedagtee en marktafel.

Borge:

Baie dankie aan al ons borge vir finansiële steun gedurende die jaar.

Kompetisies:

Baie geluk aan elke lid wat deelgeneem het aan kompetisies op tak-, konferensie- en kongresvlak. Dankie vir julle deelname. VVLU is baie trots op elkeen van julle.

Besondere prestasies t.o.v. kompetisiedeelname behaal deur lede:

Baie geluk aan Area 11 se lede wat die trofeë gewen het vir die meeste punte behaal tydens kongres 2017.
Dankie Mev Knoetze vir u leiding aan die area.

Die volledige uitslae van Kongres 2017 en Areakonferensies 2017 het alreeds in Vrou24/7Woman verskyn.

Hoe voel areas oor kompetisies:
Area 1: Dit blyk dat die takke wel aan meeste Kongreskompetisie-artikels deelneem, maar minder gereeld aan ander takkompetisies.
Area 2: Neem graag deel aan kompetisies.
Area 3: Lede neem graag deel solank die kompetisies net nie te duur is nie.
Area 4: Lede hou van kompetisies.
Area 6: Tevrede met kompetisies
Area 8: Neem graag deel aan kompetisies
Area 9: Baie min lede neem deel aan kompetisies
Area 10: Lede hou van kompetisies
Area 11: Min belangstelling in borduurwerk.
Hou van moderne masjienwerk
Takkompetisies is gewilder as areakompetisies

Werkswinkels, demonstrasies en kursusse:
Area 1: Beoordelaarsopleidingskursus in Brei- en Hekelwerk.
Twee blommerangskikking werkswinkels is aangebied.
Gemengde mediakuns, Knope en krale werkswinkels
Maak en versier jou eie skinkbord met reliëfverf en papier.
Papiermache Kersversierings.
Hoe om ‘n glasbord of bak te “Glass stain”.
Mosaïekkuns.Hekelklasse.
Area 2: Paper weaving. Vrugtekoek te versier.
Area 3: Blommerangskikkingswerksklasse, knope en krale, gemengde mediakuns.
Area 4: Herwinbare eierdosies, papierblomme.
Krale en serpe van Themp materiaal. Maklik gebreide hasie.
Filodeeg demonstrasie. Multimedia, Kralewerk
Husqvarna werkswinkel.
Blommerangskikkingswerkwinkel
Area 6: Krale en knope werkswinkel
Blommerangskikkingswerkswinkel
Hoe om ‘n protea uit ‘n telefoonboek te vou
Basiese borduursteke. Geskenkboks uit afvalkarton te maak.
Verf van paletplankies
Hoe om ‘n tafel en skinkbord vir verskillende geleenthede te dek.
Om nagereg in ‘n bottle te bedien

Maak van quiche en blindbak van ‘n kors
Ontbening van ‘n skaapboud en geregte met skenkels.
Hoe om fyn blom of groentesaadjies te plant
Om ‘n denimsak uit ‘n ou dennimbroek te maak.
Planne met brood
Drie tossels gemaak van breidraad of borduurgaring.
Area 8:
Brei en hekelkursus. Knope en krale werkswinkel.
Pastellekursus. Koekversiering
‘n Deense broodjie te bak , Log cabin laslapwerk.
Om ‘n blokkie te hekel
Area 10: Mixed media.
Blommerangskikkingsdemonstrasie
Hoe om jou vel te reinig sonder duur rome.
Kweperlekkers. Hoe om ‘n knoop reg aan te werk.
Hoe om gordyne te meet.
Area 11: Gemengde mediakuns werkswinkel
Kersversierings van dennebolle. Versierde sakkies
Knope en krale. Sny ou t-hemp op om tou te vorm om mee te brei of hekel.
Wolkie eiers.
Oorbring van foto’s op klip.
Terrarium met vetplante.
Vleispasteitjies te maak en bak.
Papierblomme, Kruissteek Tertdoppies

Beoordelaarsopleiding

Baie dankie aan Mev Sarie Knoetze, Naaldwerk-en Beoordelaarsameroeper vir die taak wat met soveel korrektheid uitgevoer word.
Beoordelaarsopleiding in hekel- en breiwerk is in Kroonstad aangebied.

Verslae:

My opregte dank en waardering aan elke Uitvoerende Bestuurslid asook takvoorsitter vir volledige verslae. Dankie dat u dit met soveel sorg en toewyding opgestel het.

Vrou24/7Woman:

Die Uitvoerende bestuur het besluit om weer 2 uitgawes van vrou24/7Woman uit te gee. Baie dankie aan Mev Hannalie Theron, Redakteur van Vrou24/7Woman vir die pragtige samestelling en uiteensetting van ons

spogtydskrif. Die bekwame wyse waarop u hierdie taak uitvoer, weerspieël in elke uitgawe.

Webblad:

Ure se harde werk word in ons VVLU webwerf ingesit en stuur ‘n goeie beeld uit na buite. Mev Elsa Brits, baie dankie dat u ons UB lede op ons tone hou om inligting aan u te verskaf.

VVLU Projek 2018:

Ons VVLU projek, bederf met koffie en koekies het groot byval gevind by die lede en koffiedae is by verskeie instansies gehou. Baie dankie dat u ook op hierdie manier bygedra het om ‘n verskil in minderbevoorregtes se lewens te maak.

Kantoorprojek: 2018

Hierdie jaar se kantoorprojek is om betrokke te wees by Huis Ebenhaeser , tehuis vir verstandelik gestremde volwassenes, te Viljoenskroon. Teëls is vervang en 6 kaste is gemaak. Baie dankie aan ons borge wat dit moontlik maak vir ons om uit te reik na minderbevoorregtes.

Baie dankie aan elke VVLU lid vir julle lojaliteit, liefde, vriendskap en aanvaarding. Dankie dat ek deel kan wees van hierdie wonderlike organisasie.

Dankie aan VVLU se Uitvoerende Bestuur dat julle getrou aan Mev Brits se belofte was om saam met my die pad as President te stap. Hierdie jaar was ‘n wonderlike ervaring en ek loof en prys die Here vir al die genade uit Sy Vaderhand ontvang.